

Redaksie

Ds. E. Viljoen, Bellville
emyn04@gmail.com
Ds. J. van der Linden, Johannesburg
jopie1976@gmail.com

Augustus 2010 **Nommer 96**

INHOUDS OPGAWE

**Sondeval, verlossing en
herstel ...1**

**Die omkeer van God se
hart ...4**

**U rollende donder het
weerklink ...5**

SONDEVAL, VERLOSSING EN HERSTEL

WG de Vries

Die sondeval was om weg van die lewende God te val. Dit het in die paradys gebeur. Die Bybel leer uitdruklik dat die sonde deur een mens – Adam – in die wêreld gekom het. Sedertdien is alle mense sondaars (Rom 5:12).

Sondeval

God het vir die eerste twee mense gesê: ‘Van al die bome van die tuin mag jy vryelik eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe’ (Gen 2 : 16, 17). Sekerlik sterf. Nie omdat die vrug van die boom giftig was nie. Nee, ‘die dood sterf’ was ’n juridiese vonnis, ’n spesiale straf van God. Die Here het die mens op die proef gestel. Hulle moes die boom uitlos. Nie omdat die vrugte giftig sou wees of omdat dit as ‘logies’ bevind sou word nie. Nee, alleen maar omdat God die opdrag gegee het!

Waarskynlik was dit dus ’n willekeurige gebod van God. Dit was egter wel beslissend. Ons moet nie vergeet dat God die mens ‘baie goed’ geskape het nie. Alles wat God gemaak het was ‘baie goed’ (Gen 1:31). Die eerste twee mense was daarop geen uitsondering nie. Maar die goed-wees van die mens moes nie *outomatisme* word nie. Bewus en vrywillig moes die mens God as sy Skepper erken en loof. Dit was God se roem dat die mens ’n *bewuste* keuse kon maak – vir of teen God. Dit het hulle onderskei van die ander skepsele.

Oor hierdie roem van God het dit gegaan, toe Hy die oënskynlike willekeurige verbod gegee het: moenie van hierdie boom eet nie! Dit is en bly die fondament van die geloof, die eeue deur. Iets is goed omdat God dit sê. En iets is verkeerd as Hy dit verbied.

Maar satan maak ’n ander voorstel: wanneer jy van die verbode boom eet, dan word jy soos God! Dan

weet jy self wat reg of verkeerd is. Satan wou nie hê dat die mens met sy plek onder God tevrede moes wees nie. En hulle het vir satan geluister en die verbode vrug geneem en geëet.

Met verdriet en toorn moes God sien dat die mens nie meer as skepsel van Hom afhanklik wou wees nie. God neem die matelose sonde in die menselewens waar: hulle het hul aan God gelyk gemaak deur hulle lewenskoers in hulle eie hande te neem. En dit het hulle ondergang geword. Die mens het sy gemeenskap met die God van sy lewe verbreek. Toe kom die dood in hulle lewe. God het sy regterlike vonnis voltrek. Sedertdien het die dood in alle mense se lewens gekom.

Die dood beteken nie alleen dat die mens na stof terugkeer nie. Om terug te keer na stof staan in lyn met die ander strawwe: werk in die sweet van jou aangesig, met smart kinders baar, 'n aarde met dorings en distels. So werk die vloek wat God uitgespreek het. (Gen 3:16, 17). Volgens die Bybel hou hierdie dood waarvan God praat baie meer in. Dit beteken dat die gemeenskap met die lewende God stukkend is. Dit word die geestelike dood genoem. En as God dit nie verhinder nie, loop dit uit op die ewige dood. Totale verloreheid. Christus het gesê dat almal wat nie glo nie, *dood* is. (Joh 5:24, 25)

Die sondeval hou dan ook die ergste in vir hierdie aarde: Die mens het hom van God losgemaak en wil self uitmaak wat reg en verkeerd is. Dit is die demoniese van elke sonde: *ék sal self besluit wat ék doen*. Dan raak ons van God en van die lewensgemeenskap met Hom los. Die egte lewe gaan verlore. Dan is ons 'dood in sonde en misdade'.

Intussen kan ons die ontstaan van die sonde nie verklaar nie. "Die oorsprong van die kwaad is, saam met die wese van die mens, die grootste raaisel van die lewe en die swaarste kruis vir ons verstand" (H Bavinck). Daar is boeke vol geskryf oor hierdie saak. Maar die gevolgtrekking is steeds: ons weet nie! Ons moet saam met Job 'n hand voor die mond hou en konstateer: God is groot en onbegryplik vir ons (Job 36:26).

Ondertussen moet ons wel beseft dat die sonde op aarde ingevoer is. Terwyl hy vroeër 'n engel van God was, het die satan na die mens gekom en in hom die sonde van opstand en hoogmoed ingeblaas. Ja, hoogmoed. 'n Stukkie van die sluier word opgelig wanneer ons in 1 Tim 3:6 lees van die 'verwaandheid' van die duiwel. En in 2 Petr 2:4 word gepraat van 'engele wat gesondig het'. Dit het dus in die hemel begin. Kennelik was satan en sy engele nie tevrede met die plek wat hulle gehad het nie. Hulle wou God na die kroon steek. Christus sê selfs dat satan 'uit sy eie' praat (Joh 8:44). Dit kan van mense nie gesê word nie. Hulle is *verlei*. Daarom is daar vir die mens nog redding moontlik, maar vir satan nie.

Verlossing

Die Here het dan ook meteen die koalisie tussen satan en die mens verbreek. Hy het Adam en Eva weer na Hom getrek en getroos met die belofte in Genesis 3:15. Hy het vyandskap tussen satan en sy trawante en die vrou en haar nakomelinge afgekondig. Daarom kon Adam sy vrou Eva noem: moeder van alles wat lewe (Gen 3:20). Hy het haar vernoem na die lewe wat uit haar sou voorkom. Dit gaan hier dan ook ten diepste oor *die* saad van die vrou, die Christus, die Lewensvors, wat die satan aan die kruis oorwin het. Daarom dat daar in Openbaring 12 in 'n grootse perspektief ook gepraat kan word van 'die vrou' wat haar 'kind' gebaar het. So het al die lyne van die geskiedenis immers bymekaar. Dit gaan hier duidelik om 'die getuienis van Jesus Christus' (Openb 12:17). Hy wat Jesus genoem is, omdat Hy sy volk van hulle sondes sal verlos (Mat 1:21).

Dit is en bly die fondament van die geloof, die eeue deur. Iets is goed omdat God dit sê. En iets is verkeerd as Hy dit verbied.

Sedert die sondeval word die hele geskiedenis beheers deur die stryd tussen die slang en die vrou, die satan en die kerk.

Dit het al dadelik begin na die uitdruwing uit die

Hoe kragtiger iemand in die Woord is, hoe kragtiger sal hy in gebed wees

- W Gurnall

tuin van Eden. In Genesis 4 lees ons van die nakomelinge van Kain en Abel. In die geslag van Kain ontwikkel daar 'n enorme wraaksug. Maar ook 'n enorme kultuur. Stede word gebou, musiekinstrumente uitgevind en metale bewerk. Die Bybel keur dit nie af nie. Dit was immers die opdrag van God om die aarde te bou en te bewerk. Die mens doen uitvindings, beheers en bewerk die natuur. Dit is as 't ware in sy bloed sedert die opdrag in die paradys. Daarby bly die mens, of hy nou wil of nie, gebonde aan die natuurwette wat God in die skepping ingebou het. Al lyk baie kultuurprodukte na mekaar, is die groot vraag: met watter *ingesteldheid* is die produsente aan die werk? Om God en die wat aan Hom behoort, te dien? Of om hulleself te dien? In die geslag van Kain het die kultuur in diens van grootpraat en verset teen God gestaan. Daarvan getuig die wraakspraak van Lamech (Gen 4:23, 24).

Deur Christus word ons lewe in God se oog weer 'baie goed'. 'n Lewe bestem vir die nuwe paradys.

Die sentrale vraag kom dus terug: doen iemand iets omdat God dit vra en opdra, of alleen uit eie belang? Christus het duidelik gesê dat ons ons nie van die wêreld moet onttrek nie. Daarin woon en werk ons, saam met ongelowiges. Maar tegelyk sê die Bybel dat ons, wat ons ook al doen, alles moet doen tot verheerliking van God (1 Kor 10:31). So ontstaan die groot teenstelling tussen hulle wat God nie dien nie, ook al presteer hulle baie, en diegene wat God wil dien maar weens hulle primêre taak om die evangelie uit te dra, tot geringer prestasie kom. Die laasgenoemdes word egter mense van God genoem (2 Tim 3:17). Mense soos God dit bedoel het, en soos God hulle deur die werk van Christus weer in hulle eintlike posisie herstel het.

Herstel

Daar sal weer mense wees wat na die paradys-opdrag luister: onderwerp en gebruik die aarde, maar dan tot eer van God. Dit is verseker in beginsel reeds 'n herstel. Self sal die mens nooit 'n nuwe paradys tot stand kan bring nie. Dit moet uit die hemel kom, wanneer Christus terugkom. Ons

mense vorder nie verder as om net met sekere deeltjies te begin, nie. Tegelyk word ons werk 'n werk 'van die Here wat nie tevergeefs is nie' genoem (1 Kor 15:58). En God is bly daarmee. Want in hulle werk oriënteer hierdie mense hulle op die God van die paradys, die God van die redding, wat die herstel van alle dinge bewerk.

Dit is alleen moontlik deur die werk en die Persoon van Christus. In hierdie verband skryf K. Schilder : "Hy bring die eiendom van God weer na die Eienaar terug. In Hom vertoon die oorspronklike, die 'ideale' mens. Maar Hy het nie vir een oomblik sy rug op die ander mense gedraai nie. Hy skep (ook deur die almag van die Gees) in beginsel weer die oorspronklike mens. Nie volkome nie, maar tog in beginsel. Hulle word die skare wat niemand kan tel nie. Hulle getalle neem toe, tot op die jongste dag". Christus self het uitdruklik na die vroeëre paradys verwys toe Hy gepraat het oor wat God se bedoeling 'van die begin af' was (Mat 19:4, 8). Sou ons dan idealiste wees, as ons in navolging van Christus heel ons lewe onder 'paradysbeslag' sou wou onderwerp? Nee, maar deur dit te doen is ons pas werklik mense van God, deur Christus vernuwe na die beeld van God. So herstel God ons lewe. Deur Christus word ons lewe in God se oog weer 'baie goed'. 'n Lewe bestem vir die nuwe paradys.

As in paradise, God walks in the Holy Scriptures, seeking man

- Ambrosius

DIE OMKEER VAN GOD SE HART

HGL Peels

“Hoe kan Ek jou oorgee, o Efraim, jou prysgee, o Israel?”

Hosea 11

Die profeet Hosea het die peillose diepte van God se heilige liefde op 'n unieke manier onder woorde gebring. Hosea het in die noordryk van Israel gelewe en geprofeteer, omtrent die middel van die agtste eeu voor Christus. Hy het die ondergang van die ryk van Israel vinnig sien naderkom. Met alles in hom het hy nog 'n laaste noodsein uitgestuur, en met hart en siel gespreek oor die onbegryplike liefde van God, oor God se verskriklike toorn, en oor die heiligheid van God wat nie loslaat wat sy hand begin het nie.

Die verkondiging van die barmhartigheid wat roem teen die oordeel, is nêrens aangrypender as in Hosea 11 nie. Jy sou amper sê: in hierdie gedeelte bevind ons ons nie ver van Golgota af nie ... Die hoofstuk begin en eindig met die belofte dat Israel ‘uit Egipte’ sal kom (verse 1, 11); maar tussen hierdie verse in staan egter die oordeelsaankondiging dat Israel ‘na Egipte’ sal terugkeer (vs 5).

Die hoofstuk bestaan uit twee gedeeltes: die verse 1-7 en die verse 8-11. In die eerste gedeelte hoor ons van God se vaderlike liefde vir sy volk. Hy het sy kind Israel liefgehad, sy seun uit Egipte geroep en alles gegee, in koesterende sorg. Israel se ondankbaarheid teenoor hierdie liefde is so permanent en diepgeworteld, dat die oordeel wel onherroepelik móét kom: terug na ‘Egipte’, die land van slawerny (in Hosea se dae was dit Assirië). Dit beteken niks meer of minder nie, as dat God se heilsgeskiedenis met sy volk Israel beëindig gaan word. God herroep die feit dat Hy Israel *uit* Egipte geroep het – wat in werklikheid die verkiesing en die verbond met God inhou. Dáár in Egipte het Israel God se ‘seun’ geword (vs 1). Maar dit is verby: terug, weg, uit. Aan die einde van die verse 1-7 is alles duidelik: in Israel se houding en gedrag

is daar geen enkele aanknopingspunt meer vir 'n nuwe toekoms nie. 'n Ommekeer is uitgesluit, die ondergang onvermydelik.

Maar dan vind daar skielik 'n wonderlike wending plaas aan die begin van die tweede gedeelte van Hosea 11. In plaas van die verwagte oordeelswoord hoor ons: “Hoe kan Ek jou oorgee, o Efraim, jou prysgee, o Israel?” (vs 8). Die toon van hierdie woorde word gelê deur die eerste woordjie ‘hoe’, wat in die Hebreeus gereeld in klaagliedere gebruik word. Ons hoor God kla ... Eers is Adma en Seboïm en ander stede by die Dooie See deur God se vuurgerig ‘ommekeer’ (vgl. Gen. 19:21,25,29; Amos 4:11; Deut. 29:22). Israel verdien nou dieselfde. Israel het homself immers ryp gemaak vir die oordeel. Maar wat word nou sigbaar? God kán dit nie doen nie! Israel sal nie ‘ommekeer’ word nie, maar in God se eie hart vind 'n ‘omkering’ plaas. Ons vertaling lees in vers 8: “my hart is omgekeer in my”. Die grondteks kan egter baie goed gelees word as: “my hart keer hom *teen* My om”. Hierdie vertaling wys nog duideliker dat dit hier gaan oor 'n emosionele, hewige spanning.

Hy is die totaal Andere, ook in sy liefde. So is God se heiligheid 'n bron van eindelose hoop.

Waarom keer God se hart homself om teen Hom? Omdat sy berou/medelye ten volle opgewek word (vs 8b). God se liefde verhinder dat Hy sy brandende toorn geheel ten uitvoer bring: “Ek sal Efraim nie weer te gronde rig nie...” (vs 9). Hoe geregverdig die strafgerig ook al sou wees, God kan en wil nie Efraïm se roeping en verkiesing ongedaan maak nie. Laasgenoemde hang saam met God se heiligheid: “want Ek is God en nie 'n mens nie, die Heilige in jou midde. En Ek sal nie kom in grimmigheid nie” (11:9). God se liefdevolle vashou van Israel word gefundeer in sy heiligheid! Juis omdat God die Heilige is, kan Hy sy eie toorn laat halt roep. Sommige teoloë praat hier van die ‘on-logika’, ander van die ‘inkonsekwentheid’ van God se heilige liefde. Inderdaad: hoe kan ons dit ooit verstaan, hierdie eie-logika van die twee-eenheid van God se liefde en toorn, God se geregtigheid en

Die bron van al ons probleme is dat ons nie die Skrifte ken nie

- Chrysostomos

barmhartigheid? Uitsluitlik deur die kruis op Golgota ... en ook dan kyk ons nog in 'n spieël, soos in raaisels, en ons aanbid ...

Die vervolg van die teksgedeelte maak ondertussen duidelik dat die oordeel van die verse 5-7 nie sommer net verdwyn het nie. Israel sál Egipte toe gaan – maar dit is nie die eindpunt nie. Eindag kom die dag waarop God sy volk vir altyd uit Egipte sal lei (vs 10v). Hy maak van die eindpunt 'n keerpunt, 'n nuwe begin. By hierdie goddelike omkeer skiet alle ooreenkomste met menslike gevoelens, gedagtes en handeling tekort. Die wonderlike wending van God, waar God se barmhartigheid triomfeer oor sy toorn, is gegrond in sy heiligheid. Hy is die totaal Andere, ook in sy liefde. So is God se heiligheid 'n bron van eindelose hoop.

(Uit: Heilig is zijn Naam – p 73-75)

U ROLLENDE DONDER HET WEERKLINK.... (PS77:19)

- Funksie van die 'amen' -

H van den Berg

Wat is die oorspronklike funksie van die woord 'amen' ?

Hoe kan ons hierdie funksie in ons liturgie weer herstel?

'Amen' na die lofprysing

Om hierdie vrae te beantwoord is dit goed om na 1 Tim 6:16 te kyk. Paulus praat daar oor God "wat alleen onsterflikheid besit en 'n ontoeganklike lig bewoon, wat geen mens gesien het of kan sien nie, aan wie toekom eer en ewige krag. Amen."

Paulus spreek hier een van baie lofprysings uit. En hy sluit dit af met 'n 'amen'. Dit is 'n belangrike woord in die lewens van God se kinders, al dink

ons nie so baie daaraan nie. As ons die woord 'amen' nie gehad het nie, wat sou ons dan nie alles kortgekom het nie? Dit is 'n wonder dat dit deel van ons woordeskat mag wees. Ons druk ons sekerheid en ons vertrou daarmee uit. 'Amen' (Amein) is 'n Hebreeuse woord wat 'trou', 'waarheid' beteken. Of soos die uitleg in Sondag 52 van die Heidelbergse Kategismus sê: 'Amen wil sê: Dit is waar en seker'.

Die Christen het houvas. In tye van baie onsekerheid mag hy 'Amen' roep: dit staan vas! Dit is seker! 'Amen' is dus 'n blyk van hartlike instemming. Dit is ook die boodskap in 1 Tim 6:16. So – soos dit in die lofprysing gesê word – so is dit! Paulus het hierdie uitroep al eerder in hierdie brief gebruik: "Aan die koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike, alleenwyse God, kom toe die eer en die heerlijkheid tot in alle ewigheid! Amen." (1 Tim 1:17). Weereens na 'n lofsang op God se grootheid. Ons kry dikwels in Paulus se briewe lofprysings wat met 'amen' afgesluit word. (Sien Rom 1:25; 11:36; Gal 1:5; Ef 3:21 om 'n paar te noem). Laat God se kinders in sy lof hul heil vind. So word die ou vertrou gevoed!

Die Christen het houvas. In tye van baie onsekerheid mag hy 'Amen' roep: dit staan vas! Dit is seker!

Die 'amen' van die gemeente.

Jy mag jou afvra: hoekom gebruik die apostel so dikwels die woord 'amen'? Is dit om die lofprysing meer krag te gee? Wil hy deur veelvuldige gebruik hom as 't ware opwerk tot sekerheid van die geloof? Nee. Ons moet in 'n ander rigting soek. Die vraag: 'hoe kan ons hierdie funksie weer herstel in ons liturgie?' gee ons 'n leidraad. In die apostoliese tyd was die 'amen' hardop uitgespreek deur die gemeente. 1 Kor 14 plaas ons op die spoor. Die apostel praat in hierdie hoofstuk oor die spreek in tonge. In vers 16 vra hy: 'Anders, as jy met die gees dank, hoe sal hy wat die plek van 'n onkundige inneem, amen sê op jou danksegging, aangesien hy nie weet wat jy sê nie?' Dit wys op die gewoonte dat die gemeente die 'amen' uitgespreek het. Paulus sou dit as 'n slegte saak beskou as hierdie gewoonte

The river of charity springs from the fountain of piety

- T Adams

van die gemeente ontnem sou word net omdat daar in onverstaanbare tale gepraat sou word. Ook 2 Kor 1:20 wys in hierdie rigting. Paulus skryf daar: 'Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlijkheid van God deur ons.'

Hier word die sluier wat oor die erediens van die tyd hang, so effens opgelig. Die jong Christene het met hart en siel die prediking aangehoor en het dan met geesdrif die 'amen' uitgespreek. En nie sommer ligsinnig nie! Hulle het teruggegryp na 'n ou gewoonte in die sinagoge. Daar het die gemeente meer as eenkeer die 'amen' hardop gesê. In elk geval na elke lofprijsing aan God en na die uitspraak van die seën. Dit het op sy beurt weer teruggegryp na die Ou Testament soos bv. 1 Kron 16:36.

Verdere verloop

In die oud-Christelike kerk van die eerste eeue na Christus het hierdie gewoonte in gebruik gebly. Hieronymus (340 – 420 nC) vertel ons hiervan. Hy noem dat die 'amen' van die gemeente in Rome soos donderweer weerklink het. Die geesdrif het nog lank nie verdwyn nie. In later tye word dit minder gehoor. Die 'amen' van die gemeente het verstom. Baie aktiwiteite in die erediens het na die priester beweeg. Die gemeente is van beide die sang en die 'amen' ontnem. Die gemeente se betrokkenheid by die erediens het afgevlak tot toeskouer. Die skouspel van die Roomse mis (die hoogtepunt in die Roomse erediens) is op 'n afstand waargeneem. Gelukkig het die Reformasie op hierdie punt baie herstel. Die gemeente het haar sang weer teruggekry, maar nog nie die 'amen' nie.

In eer herstel

Hoe kan ons die oorspronklike funksie van die 'amen' weer in die liturgie herstel? U sal begryp dat dit in die lig van die Skrif en van die geskiedenis 'n geldige vraag is. Daar is reeds gemeentes wat hierdie vraag beantwoord. Vier keer klink die 'amen' – na votum en seëngroet, na die preek en na die slotseën. In ander kerke weer sing die gemeente 'amen' aan die einde van die erediens. Dit is tereg 'n ou reg wat weer aan die

gemeente terug gegee word. Die gemeente moet self haar vertrouwe in God met 'amen' beklink. Sy mag haar laat hoor in 'n wêreld waar daar soveel teenstemme teen God en sy Gesalfde klink.

Hell is hell because God is there in all His wrath. Heaven is heaven because God is there is all His love.

- W Hendriksen